**RESOLUSIE: SESSIE-OOREENKOMS (BK)**

**RESOLUSIE GENEEM DEUR LEDE VAN ………………………………………………BESLOTE KORPORASIE (REGISTRASIENO: …………………………………………) (“BK”)**

## 1. INLEIDING

Dit word genotuleer dat:

1.1 ESKOM HOLDINGS (SOC) LTD aan die BK gelde verskuldig is vir die oplegging van onregmatige en ongemagtigde bedrae met betrekking tot die lewering van dienste, tariewe, heffings, toeslae en belastings of enige ander debiet van welke aard ookal gedebiteer teen maandelikse elektrisiteitsrekeninge van die SEDENT vir die periode 1 Julie 2007 tot datum van finalisering van die saak, sowel as rente van tyd tot tyd op enige uitstaande bedrae .

1.2 Die BK is van voorneme om met Dispuutdienste (Edms) Bpk (Regno: 2017/411250/07) ’n sessie-ooreenkoms aan te gaan.

## 2. BESLUITE

Derhalwe is besluit dat:

2.1 Die BK ’n sessie-ooreenkoms met Dispuutdienste sal aangaan.

2.2 Enige een of meer lede van die BK word gemagtig om namens en ten behoewe van die BK, alles te doen, om sodanige handelinge te verrig, dokumente of instrumente te onderteken en enige sodanige stappe te neem ten einde uitvoering te gee aan bogemelde besluit en word enige handelinge verrig voordat die besluit aanvaar is, hiermee geratifiseer.

GETEKEN te ………………………………………………op …………………………………………..

**HANDTEKENING: LID**